



Verwysing: 20171114-6910  
14/2/3  
Navrae: CJ Banda

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0022/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumkoördinerings- en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assessering- en eksamineringskoördineerders, Vakadviseurs, Hoofde van Inrigtings met leerders van graad 10 tot 12, Vakhoofde vir Afrikaans en Afrikaans-onderwysers vir graad 10 tot 12

**Onderwerp: 2018 LOK-simposium vir onderwysers van Afrikaans Huistaal, Eerste Addisionele Taal en Tweede Addisionele Taal (graad 10 tot 12)**

1. Die Letterkundeondersteuningskomitee (LOK) nooi alle Afrikaans-onderwysers vir graad 10 tot 12 na die 2018 Simposium wat op **Saterdag, 17 Februarie 2018** vanaf **07:30 tot 15:30** by die **Universiteit van Wes-Kaapland** in Bellville gehou sal word.
2. Hierdie simposium sal die een-en-twintigste LOK-simposium wees. Die hoofdoelwit van die simposium is om die onderrig van letterkunde te ondersteun, maar daar sal ook op ander vakinhoud, soos luisterbegrip, skryf en grammatika, gefokus word.
3. Die simposiumprogram sal op 30 November 2017 op die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) se webwerf onder "Curriculum Development", <http://www.wcedcurriculum.westerncape.gov.za> beskikbaar wees. Kliek op "FET: Further Education and Training", kies "Languages" in aftreklys, kies "Afrikaans", kliek dan op "Downloads" en kies "Onderwysbronne".
4. Deelnemers moet aanlyn via die volgende skakel registreer: <https://goo.gl/dcPTZt> deur die Google-vorm te voltooi. Die sperdatum vir registrasie is **Vrydag, 02 Februarie 2018** – ná daardie datum sal die Google-vorm gesluit word en geen registrasies kan dan meer aanvaar word nie.

- Die registrasiegeld vir die 2018 Simposium is **R150.00** vir onderwysers en **R100.00** vir voltydse onderwysstudente. Persone wat belangstel, kan hierdie bedrag in die volgende bankrekening deponeer:

Bank: Nedbank

Tak: CPUT

Takkode: 101175

Soort rekening: Tjek

Rekeningnommer: 1089131240

Verwysing: Die akroniem "LOK", gevolg deur die skool se naam

- Afrikaans-vakadviseurs en die Departement van Afrikaans en Nederlands by die Universiteit van Wes-Kaapland sal vir die administratiewe en logistieke reëlings van die LOK-simposium verantwoordelik wees.
- Bewys van betaling moenie later nie as **05 Februarie 2018** na **me Janine Pekeur** van die **Universiteit van Wes-Kaapland** by **021 959 1249** gefaks word. Me Pekeur kan telefonies by **021 959 2112** of per e-pos by [lokmondig@gmail.com](mailto:lokmondig@gmail.com) gekontak word. Ons herinner u om asseblief die akroniem "LOK" en die naam van die skool as verwysing te gebruik.
- Onderwysers wat 200 km of verder (enkelafstand) na die simposium reis, sal volgens die WKOD se tariewe en prosedures vergoed word. (Kyk Bylae A–C vir eisvorms) **Alle** onderwysers wat reisgeld wil terugeis, word versoek om asseblief die BRS-vorm (Bylae C) by die bank te voltooi. Die voltooide BRS-vorm, asook 'n gewaarmerkte afskrif van die eiser se identiteitsdokument, moet saam met die vervoereisvorm ingedien word. Slegs een voertuig per skool mag reisgeld eis.
- Ten einde die organiseerders van die LOK-simposium te help, word onderwysers versoek om by die sperdatum vir registrasie te hou. **Geen laat aansoeke sal aanvaar word nie.**
- Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle belanghebbendes.

**GETEKEN:** PAD BEETS

**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM EN ASSESSERINGSBESTUUR**

**DATUM:** 2017-11-28